**4 Maart**

**Skrifgedeelte: Handelinge 26:20-29**
**Fokusgedeelte: Handelinge 26:20 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## Jy mag ook die Here dien

Wat is dit wat die Jode so kwaad gemaak het dat hulle vir Paulus wou doodmaak en tog vir Agrippa laat wonder of hy nie dalk ook ’n Christen moet word nie?

Paulus se boodskap klink nie dadelik anders as wat die Jode ook geleer het nie. Kom tot bekering en wees gehoorsaam aan die Here. Maar daar is tog ’n verskil. “Gehoorsaam die Here” vir die Jode was eksklusief. Dit het ander uitgesluit, net dié wat aan die regte vereistes voldoen, wat die regte dinge reg gedoen het, en ander dinge nie gedoen het nie, kon hierin deel.

Paulus leer inklusief. “Gehoorsaam die Here” omdat jy in die Here deel. Om die Here te gehoorsaam, is die gevolg daarvan om by Hom te wees en nie die voorwaarde nie.

Agrippa hoor in Paulus se woorde: “Daar is vir jou ook plek, en wat meer is, ek wil graag hê dat jy saam met my by die Here sal wees.”

In Christus word ons gehoorsaamheid aan die Here ’n vreugde, ’n wonder om in te deel en met ander te deel, nie ’n las waaronder ons swoeg en ander mee belaai nie.

Kom ons deel die vreugde om die Here te gehoorsaam.

*Sing: Psalm 119:38 (1936)*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*